

CQ BOLAND



NUUSBRIEF VAN
DIE BOLAND AMATEURRADIO KLUB

SEPTEMBER 2006

KOMITEE VAN BOLAND AMATEURRADIO KLUB

Voorsitter/Tesourier	Rassie Erasmus	ZS1YT	021-8545764
Ondervoorsitter/Sekretaris	Karl Canitz	ZS1KC	021-9765237
Skakelbeampte	Henry Chamberlain	ZS1AAZ	021-8871509
CQ Boland	Johan le Roux	ZS1RX	021-9192246
Web Meester	Deon Heydenrych	ZS1G	0826539884
Bulletinrooster	Olivier van Staden	ZS1OLI	021-8698564

KLUBBULLETINS

Tyd: Sondae om 7:45
 Frekwensies: 3670kHz, 7094kHz LSB en 145,700 FM

Kom gesels ook saam op Sondag-aande om 20:00 op 3670kHz.

WEBWERF

Besoek die klub se Webwerf by <http://www.qsl.net/zs1bak/index.htm>

KENNISGEWING VAN DIE VOLGENDE BARK VERGADERING

U word vriendelik uitgenooi na die klubvergadering op Saterdag 16 September 2006 om 11:00 by die Laerskool Lochnerhof in die Strand. Die vergadering behoort so teen 12 uur klaar te wees en daarna sal die braaivleis-vure aangesteek word. Bring u eie kos, eetgerei, drinkgoed, stoele, rooster ens. saam. Verder in hierdie uitgawe is 'n beskrywing om by die vergadering uit te kom.

BYDRAES TOT CQ BOLAND

Die redaksie van CQ BOLAND verwelkom alle bydraes vanaf Boland se Amateurs en vriende van die klub. Bydraes mag egter volgens die diskresie van die redakteur aangepas en geplaas word om sodoende die gepastheid en kwaliteit van inligting en artikels te verseker. Bydraes moet ten minste vier weke voor die datum van die volgende vergadering aan die redaksie met behulp van E-pos, pakketradio of op disket gestuur word.



Stuur u bydraes aan:

Pakket: ZS1RX@ZS0BEL.TBG.WCP.ZAF.AF

E-pos: ZS1RX@MAILBOX.CO.ZA

Posadres: CQ Boland Posbus 2105 Dennesig 7601

DIE VOORSITTER SÊ:

Ledegeld vir hierdie jaar het goed in gekom maar daar is nog 'n paar lede wat seker vergeet het. Dus, vir die van u wat saam met hierdie CQ



Boland 'n pienk strokie ontvang is dit nou die laaste geleentheid om te verseker dat u besonderhede op die rekords van BARK aanbly. Baie dankie aan die lede wat reeds hulle ledegeld vereffen het.

Die afgelope kwartaal is gekenmerk deur die afsterwe van 'n paar baie bekende amateurs in ons geledere. Hier dink ek spesifiek aan Phil ZS1PAN, Danie ZS1YH en ook Bud ZS1B. Aan hulle familie en vriende dra ek graag BARK se simpatie oor.

Die BARK 40m foonkompetisie het plaasgevind op 23 Julie. Aktiwiteite op die bande was goed en ons het heelwat logstate ontvang, MAAR wat ietwat teleurstellend was, is dat daar GEEN log van 'n BARK lid ontvang is nie. Dit laat my wonder of BARK die

REDAKSIONEEL

Dankie vir al die bydraes wat ek ontvang het. Dit is met leedwese dat ons afskeid neem van een van CQ Boland se groot verskaffers van insette. Dit is nou Phil, ZS1PAN.

Ook 'n groot dankie aan tannie Rina vir haar inset. Ook die pragtige illustrasie. Ek hoop ons gaan nog baie daarvan sien Dan ook dankie

kompetisie weer 'n volgende keer moet aanbied.

By ons laaste BARK vergadering op 10 Junie te Agter-Paarl het 'n baie SLEGTE ding gebeur. Daar het 'n diefstal plaasgevind vanaf een van die verkope tafels. Dit is nog meer skokkend as in ag geneem word dat daar daardie dag geen besoekers was nie. Dit is my wens dat dié lid wat hom hieraan skuldig gemaak het maar liever voortaan wegbly van vergaderings af.

Soos tradisioneel, het BARK weer deel geneem aan die vuurtoringnaweek vanaf 18 tot 20 Augustus.



Die vier van ons (ZS1YT, ZS1OLI, ZS1RX, ZR1JHD) is bygestaan deur Okko ZR1OKO van Napier. Dit was 'n besonderse lekker naweek en baie gunstige toestande het ook gemaak dat ons heelwat beter gevaar het met kontakte as vorige jare.

Groete van hok tot hok

Rassie, ZS1YT



aan ZS1BOB, ZS1YT en ZS1KC vir hul bydrae.

Ek hou een van Bob, ZS1BOB se artikels oor vir 'n volgende uitgawe

Tot die volgende uitgawe...

Johan, ZS1RX



VACUUM VALVES - YESTERDAY & TODAY

By Bob, ZS1BOB

THE BASICS

In 1904, British scientist, John Ambrose Fleming first showed his *oscillation valve* device to convert AC into DC. The "Fleming diode" was based on an effect that Thomas Edison had first discovered in 1880.

This diode consisted of an incandescent light-bulb with an extra electrode inside. When the bulb's filament is heated white-hot, electrons are boiled off its surface and onto the vacuum inside the bulb. If the extra electrode (plate/anode) is made more positive than the hot filament, a direct current flows through the vacuum. Since the extra electrode is cold and the filament is hot, this current can only flow from the filament to the electrode, not the other way. So AC can be converted to DC!

Fleming's diode was first used as a sensitive detector of the weak signals produced by the new wireless telegraph.

Inventor Lee De Forest in 1907 patented a bulb with the same contents as the Fleming diode, except for an added electrode. This "grid" was a bent wire between the plate and filament and if a signal was applied from the wireless-telegraph antenna to the grid instead of the filament there would be a much more sensitive detector of the signal. The grid was modulating the current flowing from the filament to the plate. This device, the *Audion*, was the genesis of today's electronic industry.

TECHNICAL ASPECTS RELATING TO VALVES

All modern thermionic valves (*vacuum tubes*) are based on the *Audion* concept – a heated "cathode" boils off electrons into a vacuum (*thermionic emission*), they pass through a grid (*or many grids*), which control the electron current; the electrons strike the anode (*plate*) and are absorbed. The tube will make a small AC signal voltage into a larger AC voltage, thus amplifying it.

A typical modern vacuum tube is a glass bulb with wires passing through the bottom and connecting to the various electrodes inside. Before the bulb is sealed, a powerful vacuum removes all air and gases. To make a good tube requires a pump capable of making a very "hard" vacuum with no more than a millionth of air pressure at sea level, referred to as a *microTorr*. The "harder" the vacuum, the better the tube will work and the longer it will last. Achieving this vacuum is a lengthy process and most modern tubes compromise a level of vacuum that is "adequate" for the tube's application. There are techniques to overcome retained gases, but it is not within the scope of this article.

<u>No. of grids</u>	<u>Total no. of electrodes</u>	<u>Name</u>
1	3	Triode
2	4	Tetrode
3	5	Pentode
4	6	Hexode
5	7	Heptode
7	8	Octode

The basic concept of the vacuum tube is to enable signals to be rectified, modified, amplified or switched on or off. Further grids have been added to improve performance, but the principles involved remain the same. It is a voltage controlled device with a relationship between input and output voltages with a range of relative linearity.

WHY ARE VALVES STILL USED?

The majority of tubes from the “old days” have been replaced by semi-conductors, the closest to a valve being a JFET that operates at lower power and voltage levels. Some applications still prefer tubes, i.e. radio, television, radar, RF-power, spectrometers, microwave ovens and other specialist applications. It is common to see same tube types in various types of equipment, as these products often employ similar circuit capabilities.



HIGH POWER RF APPLICATIONS

Many big radio stations use big power tubes, especially for levels above 10kW and for frequencies above 50 MHz. High-power UHF TV-stations and large FM broadcast stations are almost exclusively powered by tubes. The reason? Cost and efficiency – only at low frequencies are transistors more efficient and less expensive than tubes. A solid-state transmitter requires large quantities of transistors in parallel, in groups, mixing their outputs in a cascade of wasteful combiners with large heat sinks to keep them cool.

An equivalent tube transmitter can use a single tube, without combiner, and can be cooled with forced air or water. The EIMAC 8974 is a water-cooled tetrode, capable of dissipating 1.5 Megawatts. In comparison, the largest power transistor can produce only 1 kW.

Microwave frequencies are even more critical – most commercial commsatellites use tubes for their “downlink” amplifiers. For high power applications, the tube reigns unchallenged.

The world record for lifetime of a tube is held by a large transmitting tetrode, in service in a Los Angeles radio station, for a total of 80 000 hours. When it was finally taken out of service, it still functioned adequately and was saved as a spare (I wonder how long it would have lasted with the amateur radio fraternity? Sorry, I forgot, hams do not use high power!)

GUITAR AMPS

Generally, low-cost guitar amps are solid-state; 80% of the high quality guitar amps sold are all-tube or hybrid configurations, especially with the serious professional musicians, who prefer FENDER, VOX and MARSHALL designs from the 1950's and 1960's. The dual high-gain, dual triode tube 12AX7 (RCA design, 1947!) being a popular choice, still manufactured in Russia and Czechoslovakia, as is the EL34.



Why a tube amplifier? It's the warmth and natural compression added to an input signal that musicians want. The particular distortion and speaker damping characteristic of a beam-tetrode or pentode amp with an output transformer to match the speaker load, is extremely difficult to simulate with solid-state designs.

PROFESSIONAL AUDIO



Influenced by the guitar amps of the pro's, sound engineers (*who we know, are unsuccessful guitarists!*) have discovered the special sound-effects value of tube equipment.

THE USE OF VALVES IN HI-FI AUDIO AMPLIFIERS

Are valve amplifiers still used for audio application? Very much so! Top-end Hi-Fi audiophiles prefer valves to transistors. Why use valves where "newer" technology seems to have overtaken "older" technology? The most obvious reason is simply the sound quality. In our digital age the sound is cold and clinical, caused by the nature of digital decoding and digital-to-analogue conversion required in any digital playback, as well as shortcomings in solid-state designs.

Most "valve" products are a hybrid of valve and solid-state technology, the valve stage solves the digital product's "edginess" by allowing a warmer, more natural tone. This does not mean that information is taken away or masked – it merely allows the audio to be reproduced as intended.

The dual-triode 6922 is a popular choice for audio amps.

There are numerous manufacturers of modern valve audio amplifiers for Hi-Fi applications, i.e.; *Affordable Valve Co., Jolida, Onkyo and Valve Audio.*

RF POWER

Familiar to all radio hams is the valve linear amplifier that has special RF and audio enhancing characteristics. The vacuum tube still has cost and reliability advantages for RF power generation. Tubes have provided hams with many a happy hour in the shack (*despite being "bent" in the process*).

Estimates indicate that the market for valve-driven guitar and audio amps is growing steadily at 10% per year with no apparent slacking.

Thanks to Schalck Havenga of **VALVE AUDIO** for opening my eyes (and ears!). Comments are my own.

I apologise for any inaccuracies, I tried to follow the trend as closely as possible. ZS1BOB

- Interesting reading: i. BEGINNERS GUIDE TO AUDIO DESIGN - Bruce Rozenblit - ISBN 1-882580-13-3.
ii. RADIO HANDBOOK Tenth Edition.

Some sites of interest: www.milbert.com pdf file: Tubes vs. transistors
www.sparkmuseum.com/TUBES.HTM
www.tubecollector.org/
www.audiotools.com/valve.html
www.vac-amps.com/sciam.html

RADIO AMATEUR EKSAMEN KLASSE

Johan, ZS1RX

Karl, ZS1KC en Clyde, ZS1CS is tans besig om RAE klasse aan te bied by Oakdale. Daar word verneem dat hulle sowat 20 klaslopers het.

Alle sterkte aan die kandidate wat in Oktober hul eksamen sal aflê. Ons hoop dat julle almal by BARK sal aansluit.

Dan ook 'n groot dankie aan die twee BARKers wat die klasse aanbied. Jul harde werk word waardeer. Alle sterkte met julle aanbiedings.

PHIL PANSEGROUW, ZS1PAN
23 MEI 1935 – 20 JULIE 2006

Deur Johan, ZS1RX

Op 28 Julie 2006 vind die roudiens plaas van Philip Jacob Rudolph Pansegrouw, ZS1PAN. Phil is gebore op 23 Mei 1935 en op 20 Julie 2006 oorlede in die ouderdom van 71 jaar.

Phil sal nog lank onthou word vir sy liefde vir Amateurradio, atletiek en sy loopbaan in die Lugmag. Phil was 'n bobaas morse-kode operateur en kon met gemak na tot 30 woorde per minuut morse-kode luister. In die atletiek-wêreld was hy landwyd bekend as afsitter en elektroniese tydhouer. As Lugmag-samajoor het hy kommunikasie gedoen op Shackeltons. Hy was ook lank op die Namibiese grens gestasioneer tydens die bosoorlog.



Sal ons ooit Phil se groet "So mal soos altyd..." vergeet?

Phil was ook 'n kranige skrywer en oor die jare het daar baie van sy artikels in CQ Boland verskyn.

Ons sal hom mis...

RENÈ, ZS1VR, ONTVANG ERELIDMAADSKAP VAN BARK

Johan, ZS1RX

Met BARK se ledevergadering en algemene jaarvergadering in Junie vanjaar is besluit om ere-lidmaatskap aan Renè toe te ken. Renè het besluit dat hy 'n ruskans wil hê van die bestuur van BARK. Sy portefulje was Bulletins en soos u weet het hy dit die afgelope jare behartig. Renè was elke Sondag-oggend op sy pos en het seker gemaak dat daar elke Sondag 'n Bulletin was.

Renè, baie geluk met jou toekenning en baie dankie vir die jare se onbaatsigtelike bydrae om BARK een van die beste klubs te maak.

MUSEUM DAG-OP YSTERPLAAT

Deur Johan, ZS1RX

Op Saterdag, 8 Julie 2006, kom 'n klomp amateurs van die Wes-Kaap op Lugmagbasis Ysterplaat bymekaar. Chris, ZS1CK, het die geleentheid georganiseer.



Oom Pottie Potgieter en sy manne sit die vier Rolls Royes engins van die Shackleton aan die gang en ons staan verwonderd en toekyk. Oom Pottie en sy manne is almal afgetredenes, maar in hul spaartyd hou hulle die Shackleton aan die gang.

Gedurende sy loopbaan in die Lugmag was Oom Pottie die samajoor in beheer van die Shackletons. Vandaar ook die plaatjie, "POTTIE SE BOMMER", op die voorkant van die vliegtuig.

Die uwe gee 'n oorsig oor die elektroniese uitrusting aanboord die Shackleton en oorlede Phil, ZS1PAN vertel staaltjies uit sy dae as vlugbemanning van die Shackleton. (Dit is daardie selfde middag wat Phil die beroerte aanval gekry het). Daarna besoek ons die Lugmagmuseum en geniet iets te ete in die Astra restauraant.

Baie dankie aan Chris, ZS1CK vir die organisering van die bymekaarkoms.

DANIE, ZS1YH – STILSLEUTEL

Deur Karl, ZS1KC

Een van ons kleurrykste amateurs, Danie Hugo, ZS1YH, het sowat drie weke gelede stilsleutel geraak. Sy horlosie het gaan staan. Hy was 'n rustige siel en het met sy aftrede, so dink ek, werklik eers die lewe begin geniet met al sy belangstellings en stokperdjies.

Hy was 'n besondere rustige, beskaafde en aangename persoon, 'n kranige amateur, asook versamelaar van oudhede, van ou radiosenders, opwenspeelgoed (Schuco) uit vervloë dae, klein stoomenjins asook, sy groot liefde, sakhorlosies. Daar was seker geen pandjieswinkel in die Skiereiland wat nie vir "Danie Ysterhand" geken het nie - van hulle het selfs sakhorlosies opsy gesit sodat hy eerste keuse kon uitoefen. Wat hy nie van 'n spesifieke

sakhorlosie geken het nie, was nie die moeite werd om te weet nie. Hy kon elkeen se "stamboom" en herkoms vir jou vertel soos 'n pa oor sy kinders spog.



Die talle vertoonkaste met elkeen, ek skat 50 – 60 sakhorlosies netjies daarin gerangskik, was 'n belewenis om te aanskou. En, hy het dit net vir vriende gewys!

'n Veelsydige man wat nie bang was om nuwe dinge aan te pak nie. Op sy twee horlosiemakerdraaibank(ies) het hy self onbekombare onderdele vervaardig en as hy die sakhorlosie in die muurkas opgehang het, moes dit kon tyd hou!

Geduldig, ja. Ek weet vir 'n feit dat hy 'n volle dag aan die vervaardiging van een klein assie vir 'n vliegwiël kon spandeer en dan, as dit nie aan sy hoë standaardte voldoen het nie, het hy dit oorgedoen.

Dit was altyd 'n plesier om by hom te kuier en jy is soos 'n koning ontvang. 'n Koppie tee was altyd aan die orde van die dag, tesame met lekker koekies en dan sy woorde, "Kom ons gesels eers 'n bietjie!" Hy was 'n besondere netjiese mens en 'n mens kon dit aan die netheid van sy werksplek sien. Een of twee keer het hy, as 'n baie spesiale guns, my armbandhorlosie herstel en wou geen sent daarvoor neem nie. Baie van die Boland Amateurs was persoonlike vriende van hom gewees.

Stil Broers, daar het 'n man verbygegaan!

VUURTORING-NAWEEK OP AGULHAS

Deur Johan, ZS1RX

Die jaarlikse "Vuurtorings op die lug" het oor die naweek van 19-20 Augustus plaasgevind. Hierdie is 'n jaarlikse instelling waar soveel as moontlik vuurtorings wêreldwyd op die lug is. Amateurs rig veldstasies op en maak dan kontakte vanaf die vuurtorings.

Boland was vanjaar weereens by die Agulhas vuurtoring. Die span het bestaan uit Rassie – ZS1YT, Bennie – ZR1JHD, Olivier – ZS1OLI en die uwe – ZS1RX. Later sluit OKKO – ZR1OKO ook by ons aan.

Ons kom op 'n nat Vrydagmiddag op Agulhas aan. Die reën skrik ons nie af nie en ons maak sommer gou-gou die mas met die antennes staan. Al die bande behalwe die 80 meter werk pragtig. Na 'n nat verdere ondersoek kry ons 'n plek waar die antenna draad gebreek het. Die breek is nie sigbaar nie, maar die ohm-meter wys dat die draad gebreek is. Dit was dan ook nie lank

nie of ons is aan die gang op 80, 40 en 20. Saterdagoggend sit ons 'n rigstraler vir 20 op.



Ons maak 'n goeie klompie kontakte. Die heel merkwaardigste is twee kontakte wat Olivier gemaak het. Hy het op 80 meter met Australië en Noord Ierland gewerk.

Sondagoggend doen Rassie weer, soos elke jaar, die bulletin van daar. Hy vertel wat ons alles op Agulhas doen en roep daarna die ander vuurtorings in om ook te vertel wat hulle doen.

die pad terug deur die pragtige groen Ruens met sy lappies helder geel Canola.


Ons wag vir jul QSL-kaarte.



CD EN DVD SKYWE:

Deur Bob, ZS1BOB

Vir al die OK's wat, net soos ek, verward is oor die verskillende formate skywe beskikbaar, soos bev. CD+, CD-, R & RW ens, hier is 'n webtuiste wat 'n bietjie inligting oor die twee formate verskaf, asook inligting om jou verder te verwar.



<http://www.digitalfaq.com/media/dvdformats.htm>


Interessant dat die ouer generasie CD- en DVD-spelers slegs die CD- en DVD-format aanvaar, en dan ook net nou en dan.

Lekker lees !

KOM ONS GESELS TEGNIES

Deur Johan, ZS1RX

In hierdie uitgawe kyk ons na die Kobra antenna soos beskryf deur William I. Orr.



Die Kobra antenna

coax kaal volgens die afmetings. Hang die antenna op en konnekteer aan radio. So maklik soos dit.

Bou dit en geniet dit

Antenna Afmetings		
Band	A	B
10 M	98"	103"
6 M	55.5"	56"
Spoel Data(Binnemaat)		
10 M	3 Draaie, 5" Dia	
6 M	4.5 Draaie, 3" Dia	

Hierdie antenna word vervaardig met hout en coax. Ek het hierdie antenna gebou vir 6 Meter en die resultate was bevredigend.

Die Kobra was vir lank gebruik vir die kommunikasie tussen ZS0BEL en ZS0STB. Draai 'n stuk hout volgens die afmetings. Maak die

80 METER SONDAG-AANDE

Johan, ZS1RX

Daar is besluit om weer die geselsies op Sondag-aande op 80 meter te begin. Die bymeekaarkom sal op 3670kHz wees. Kom gesels gerus saam. Oom Joe, ZS1AAB het ons altyd in die verlede bymekaar gehou. Kom ons doen dit weer!

80 METER HERLEIDING OP SONDAG-OGGENDE

Johan, ZS1RX

Ek verneem dat Hans, ZS1WZ verhuis na Brackenfell. Hans het vir baie jare op Sondag-oggende die BARK bulletins herlei. Hans sal moontlik nie hierdie taak vanaf sy nuwe tuiste kan voortsit nie.

Hans, baie dankie vir alles wat jy die afgelope jare vir BARK en die amateurgemeenskap gedoen het. Geniet jou nuwe tuiste.

BARK VERGADERING VAN SATERDAG, 16 SEPTEMBER 2006

Deur Johan, ZS1RX

Die volgende BARK vind plaas op Saterdag 16 September by die Laerskool Lochnerhof in die Strand.

Dit is maklik om die plek te kry.

- Ry Strand toe met Broadway, dit is nou die R44.
- Pasop vir die spoedkamera by die Somerset Mall.
- Hou aan tot by Sarel Cilliers.
- Draai regs. (Dit is nou see toe).
- Draai regs in De Vosstraat.
- Draai die eerste straat links. Dit is Runge Straat.
- Volg Runge Straat tot by die ingang van die skool.

BARK..



Dankie aan Rassie, ZS1YT wat die relings getref het.

Sien u daar!

VLOOIMARK OORSKOT

Deur Rina, Lv van Joe ZS1AAB

In die CQ Boland van Junie 2006 het Hennie, ZS1SK geskryf oor die goeie ou dae en hy praat van die vlooiemark en noem die ware wat aangebied word. Kosbare rommel. Dit was regtig kosbare rommel, want daarom vertel ek daarvan sodat diegene wat deel van die vlooiemark se goedere was mag weet dat ek op die einde die goedjies wat nie 'n eenaar gekry het nie huistoe geneem het en Dean, Bennie ZR1JHD se dogter, het dit met groot



opgewondenheid geneem, want sy vat dit skool toe, want al die ander leerders het nie toegang tot die werklike komponente nie. Vir baie van hulle is die noukeurige getekende stroombane soos in Henry, ZS1AAZ

en Renè ZS1VR se bydrae die enigste werklikheid. Dean is van mening dat 'n aanraking en besigtiging van elke komponent 'n beter begrip mag veroorsaak.

Baie dankie dat ek die oorskot van die vlooiemark kon huistoe neem.

En is Tannie Rina nie kunstig met haar illustrasie nie? Dankie, Tannie Rina! – Red

UITSLAG VAN BARK 40M FOON KOMPETISIE.

Deur Rassie, ZS1YT

Die Boland Amateurradio klub 40m foon kompetisie wat op Sondag, 22 Julie plaasgevind het, het die volgende uitslag opgelewer.

Eerste plek, met 'n totaal van 85 punte gaan aan André Botes ZS2ACP. In die tweede plek, met 72 punte, is Michelle van der Merwe ZS6TO. In die derde plek, met 68 punte is Jan Botha ZS4JAN.

Baie geluk aan hierdie deelnemers. Hierdie stasies sal eersdaags hulle sertifikate ontvang. BARK gaan ook aan die stasie wat die hoogste punte in elke roepseinafdeling behaal het 'n sertifikaat uitreik. In Afdeling 1 is dit Allan Wood ZR1AAH. In afdeling 5 is dit Dave Jones ZS5DJ. Daar is geen logstaat vanuit Afdeling 3 ontvang nie.

Hoewel heelwat stasies op die lug was is slegs 13 logstate ontvang. BARK bedank al die stasies vir hulle deelname en sien uit na volgende jaar se kompetisie.



BUD VOORTMAN, ZS1B – STIL SLEUTEL

Nog 'n amateur wat baie vir amateurradio gedoen het, het op Donderdag 17 Augustus 'n stil sleutel geword.

Bud sal onthou word vir sy ondersteuning van BARK met ZS1HELL en ook sy geselskap op besoeke aan BARK vergaderings.

Hy was voorheen voorsitter van die Kaapstad-klub, het gehelp met die leer van morse-kode en het ook morse-kode toetse afgeneem. Hy het baie werk vir die amateurgemeenskap gedoen.

Sy dood laat 'n leegte in die amateur gemeenskap...

BARK VERGADERING VAN SATERDAG, 10 JUNIE 2006

Deur Johan, ZS1RX

Die vergadering was weereens baie lekker. Ons het weer gebruik gemaak van die gasvryheid van Dalene en Olivier van Staden. Die volgende 41 persone het die teenwoordigheidslys geteken. Die van u wat nie daar was nie het sowaar 'n lekker byeenkoms gemis. Die van u wat nog nie daar was nie, probeer dit gerus.

AUCAMP, JOHAN ZS1GP
 BOUWER, JOHANN ZS1MB
 CANITZ, KARL ZS1KC
 CHAMBERLAIN, HENRY ZS1AAZ
 CONRADIE, ANITA
 CONRADIE, PHILIP ZS1CON
 DE KOCK, DAVID ZS1DDK
 DE VILLIERS, FRANCOIS ZR1ACF
 DE WIT, CHRIS ZS1CK
 DEMASIUS, INGE ZS1DD
 DEMASIUS, ULF ZS1ZO
 DRY, E.J. ZS1EJD
 DU TOIT, REG ZS1ADC
 EKSTEEN, FRED ZR1KAT
 ERASMUS, RASSIE ZS1YT
 GREYVENSTEYN, MATT ZS1MJJ
 HAARHOF, BENNIE ZR1JHD
 HAARHOF, JOE ZS1AAB
 HAARHOFF, RINA
 HORN, HANNES ZS1NJ
 HUGO, JAN ZS1JH

HYMAN, CLYDE ZS1CS
 JENDRISSEK, PETER ZS1JX
 LE ROUX, ALMA
 MCKENZIE, CAROL
 MCKENZIE, MAC ZS1XX
 OPPERMAN, OPPIE ZS1OP
 ROBINSON, BRUCE ZS1FX
 SADIE, BENNA ZS1PBS
 SMIT, SMITTIE ZS1AK
 VAN DER VYVER, JAN ZS1VDV
 VAN RHYN, WILLIE ZS1RV
 VAN ROOYEN, KOBUS ZS1KVR
 VAN STADEN, DALENE
 VAN STADEN, OLIVIER ZS1OLI
 VAN WYK, KOOS ZS1KWV
 VAN ZYL, BETSIE
 VAN ZYL, RENE ZS1VR
 VON WECHMAR, CHRIS ZS1DX
 WILMOT, JAMES ZS1JMS
 WILMOT, ROSALIE



Van:

Boland Amateurradio klub
Posbus 2105
Dennesig
Stellenbosch
7601